

Maandag 1 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 17:1-15

Fokusgedeelte: Psalm 17:8, 9; HK Sondag 52:127

Bewaar my soos 'n oogappel, o Here!

Is jy ook so bang? Alles in ons leef-omgewing is net verkeerd! Die paaie is vol slaggate ... boosdoeners met skerp voorwerpe in die pad dwing jou tot stilstand en berooft jou. Grypdiewe. Die veiligste plek is jou wooneenheidjie. Jy sorg net dat jy 'n ietsie te ete en jou pilletjies kry. Heeltyd op die uitkyk vir die Bose wat jou bekruip!

Psalm 17 beskryf dieselfde. Dit sluit aan by die "Onse Vader"-gebed: *"En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose ..."* Sondag 52:127 verklaar: *Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Die duiwel, die wêreld en ons sondige natuur hou nie op om ons aan te val nie!* Psalm 17:9-12 sluit hierby aan: *doodsvyande wat omring ... hulle het hulle gevoel afgesluit (gewetenloos) ... die Bose is soos 'n leeu wat begerig is om te verskeur ... en hulle lê gereed in hulle skuilplekke.*

En net soos die sesde bede, gaan soek Dawid sy beskerming by die Here! Sondag 52:127 verklaar: *Wil U ons tog staande hou en versterk deur die krag van die Heilige Gees ... totdat ons eindelijk die oorwinning ten volle behaal.* In verse 1-7 roep Dawid die HERE aan: *"... hoor 'n regverdige saak aan."* Dawid sê dat hy die HERE se kind is en hou aan sy spore vas.

"Bewaar my soos 'n oogappel," vra Dawid (vs 8). Mens beskerm daardie liggaamsdeel die meeste. Jy knyp jou oë toe en beweeg jou hande beskermend. Dawid vra verder dat die HERE hom sal beskerm soos wat 'n hen haar kuikens onder haar vlerke neem (vgl. Matt. 23:37).

Die HERE dóén hierdie bewaarwerk inderdaad ook!

- As ons hemelse, almagtige en barmhartige Vader sorg, regeer en onderhou die HERE ons.
- As die eniggebore Seun verlos Hy ons van ons sondenood. In sy almag is die dood oorwin en die duiwel se kop vermorsel. Christus belowe: *"Diegene wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie"* (Joh. 10:29).
- En God se Gees verlig ons harte en rus ons toe met die wapenrusting van God – sodat ons kan staande bly (Son. 52).

Gaan jý ook maar só na die HERE toe met jou beskermingsversoek!

Sing: Psalm 16-1:1, 5

Ds. AH Stavast (Arie) (Pretoria/Kroonstad)